# St. Hilarius van Poitiers

## 13 Januarie

(c. 315-368)

Hy word as heiden groot en bekeer hom op ’n betreklike hoë ouderdom tot die Christelike geloof. Sy lang soeke na die waarheid maak dat hy ‘n geweldige groot waardering vir die waarheid van die Christelike geloof gehad het. In 350 word hy biskop van Poitiers (in Frankryk). Hy word ’n vurige verdediger van die ware geloof en dit bring hom telkens in die moeilikheid by die keiserlike hof waar die Ariaanse dwaalleer in dié tyd veld gewen het. Hy skryf kommentare op die Ou en Nuwe Testament en ook oor die Heilige Drie-eenheid. Hy word vereer as Kerkleraar en een van die groot Godsmanne van die Vroeë Kerk.

© Die Oratorium Uitgewery